

# Republikein

*Jou land. Jou taal. Jou koerant.*

## Renosterkarkas en –horing gekonfiskeer

09 September 2020 | [Misdad](#)

Wildmisdad 31 Augustus - 6 September 2020						
 Nuwe sake geregistreer	 Verdagtes in hegtenis geneem	 Vuurwapens	Verdagtes vas vir renosterstropery <b>5</b>	Renosterkarkas <b>1</b>	Sebra-vleisstukke <b>9</b>	Steenbokkarkas <b>1</b>
<b>6</b>	<b>10</b>	<b>3</b>	Renosterhoring <b>1</b>	Ietermagöskubbe <b>142</b>	Koedoe-karkas <b>1</b>	Ammunisie <b>23</b>

INFOGRAFIEK: ©NAMPO7092020 - JOHAN MATTHEE

1.



Francoise Steynberg - Drie Namibiese mans is verlede week in verband met renosterstropery en twee oor horingsmokkalery in hegtenis geneem.

Volgens die weeklikste wildmisdadverslag van 31 Augustus tot 6 September van die Namibiese polisie en die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, is altesaam tien vermeende wildmisdadigers in hegtenis en ses nuwe sake aanhangig gemaak. geneem.

Mnr. Esra Kariripi, Jamunika Tukki Turitjo en Uatjitavi Lambard Turitjo is verlede Maandag by Okahao vasgetrek en beslag is op 'n renosterkarkas, 'n .303-jaggeweer en 23 patrone gelê.

Mnre. Jonas Indongo Valombola en Stein Ipinge Shikomba is Vrydag by Omungwelume glo met 'n renosterhoring in hul besit in hegtenis geneem.

By Okahao is mnr. Uatondasana Delina Tjaritje verlede Maandag glo met 142 ietermagogskubbe vasgetrek.

Mnre. Lukas Kandware en Diaas Mangundu is verlede Woensdag op Ndiyona glo met 'n koedoe-karkas in hul besit in hegtenis geneem.

Verlede Donderdag is mnr. Vilho Shishitwomunhu na bewering met 'n steenbokkarkas in sy besit by Onandjamba in hegtenis geneem.

By Kamanjab is mnr. Isascar Gaingob verlede Maandag in hegtenis geneem en beslag is op nege stukke vleis van 'n sebra, 'n .308-jaggeweer en 'n .22-geweer gelê.